



# VERMEERDERINGS

(Les 2)

## KNIP UIT EN BEWAAR



Vermindering in breiwerk.

**O**M steke te vermeerder terwyl jy brei, is nie moeilik nie, maar dit is absoluut noodsaaklik om te weet hoe om dit behoorlik te doen as jy wil hê jou breiwerk moet mooi pas en netjies lyk. Dit speel 'n belangrike rol by die vorming van krae, halslyne en mousgate. Die steke kan aan die buitenste rand van die breiwerk vermeerder word of in die breiwerk. Albei hierdie metodes het dan ook weer verskeie variasies.

### VERMINDERINGS

**V**ERMINDERINGS is nog 'n belangrike aspek van breiwerk wat ook daartoe bydra om die kledingstuk netjies te laat pas. Dit gebeur dikwels dat die breipatroon geen spesifieke aanwysings gee hoe die steke verminder moet word nie. As jy egter byvoorbeeld aan raglanafskuinsings dink, sal jy begryp hoe belangrik dit is om steke geleidelik dekoratief te kan verminder.

**Verminderings in die breiwerk:** Dit is funksioneel en dekoratief en die steke kan op verskillende maniere verminder word.

Wanneer jy byvoorbeeld só verminder: glip een steek, brei twee steke tesame, trek glipsteek oor (afgekort gr2tgo) vorm daar 'n volmaakte V waarvan die middelpunt op die plek val waar die steke oor mekaar getrek is.

'n Ander manier om steke te verminder is om drie steke saam agter deur die lusse te brei (foto 5). Dit vorm 'n hoë, maar dekoratiewe ruffel.

**Vermindering aan die rand van breiwerk:** Steke word aan die rand van breiwerk verminder om die hals, mousgate of mou-

koppe te fatsoeneer, maar dit moet volkome simmetries wees en eenders lyk om mooi te lyk. Om dit eenders te laat lyk moet die steke aan die begin en einde van die ry verskillend gebrei word. Hier volg 'n uiteensetting van hoe om te werk te gaan.

By 'n **gewone vermindering** deur twee steke eenvoudig saam te brei lê die steke na regs. Wanneer 'n kledingstuk op dié manier gefatsoeneer word, word die derde en vierde steek saam regs gebrei maar die naald word agter deur die lusse gesteek. Die ry word dan voltooi en die vierde laaste en derde laaste steek word gewoonweg saam regs gebrei.

Wanneer **verminder** word **deur die steke oor mekaar te trek**, gaan die breier soos volg te werk: Aan die begin van die ry waar die steke na links moet lê, glip een steek regsgewys, brei die volgende steek regs en trek dan die eerste steek oor die tweede. Aan die einde van die ry, waar die steke na regs moet lê, brei die eerste steek, plaas dit terug op die linkernaald en trek die tweede steek op die linkernaald oor die eerste steek (foto 6).

**Dekoratiewe vermindering** oor vyf steke (foto 7)

Aan die regterkant van 'n regsry brei jy die eerste vermindering maar in dié geval word dié vermindering eintlik aan die einde van die voorafgaande aweregsry gebrei, en wel so: brei tot by die laaste vyf steke van die aweregsry en brei die eerste twee steke van die vyf oorblywende steke saam aweregs agter deur die lusse, dan, sonder om die steek wat so gevorm word, van die naald te laat afgly, brei die eerste van die vyf steke weer. Laat die twee lusse wat nou op die naald is, van die naald afgly. Die laaste twee steke (die vierde en vyfde) word gewoonweg aweregs gebrei.

Aan die linkerkant van die regsry waarin jy verminder, word die steek oor die laaste vyf steke verminder. Brei die laaste twee steke regs en hulle word deurgaans regs gebrei tot die steke tot die verlangde aantal verminder is. Die voorafgaande drie steke is eintlik by die vermindering betrokke. Die laaste vyf steke word dus so gebrei: brei die vyfde laaste en vierde laaste steek saam agter deur die lusse, dan, sonder om die steek wat so gevorm word, van die naald te laat afgly, brei die eerste van die vyf steke weer. Laat die twee lusse wat nou op die naald is, saam afgly en brei die oorblywende twee steke gewoonweg regs.

**Oopwerkvermindering:** Dit is 'n baie sierlike manier om steke te verminder en word ook oor vyf steke naaste aan die rand gebrei. Die steke kan in dié geval aan die regte of die verkeerde kant verminder word en dit is ongewoon.

Aan die regterkant moet die steke ook aan die einde van die voorafgaande ry verminder word om dieselfde te lyk as aan die linkerkant, en die laaste vyf steke word so gebrei: maak een steek deur die garing om die naald te slaan, glip een steek, brei twee steke saam regs en trek die glipsteek oor, brei die oorblywende steke regs of aweregs na gelang van die patroon. Die lus van die gemaakte steek word in die volgende ry gewoonweg gebrei om by die patroon in te pas.

Vermindering deur steke oor mekaar te trek.



Dekoratiewe vermindering oor vyf steke.

# EN VERMINDERINGS

Aan die ander kant, d.w.s. aan die einde van die ry waarin verminder word, word so gebrei: voor die eerste van die laaste vyf steke maak een steek, glip een steek, brei twee steke saam regs en trek die glipsteek oor. Brei die volgende twee steke gewoonweg volgens die patroon. In die volgende ry word die gemaakte steek gewoonweg gebrei om by die patroon in te skakel.

In ons volgende les gesels ons oor die brei van some, randstroke en sakke.

## VERMEERDERING AAN RAND VAN WERK

Soms moet 'n strook aan die rand van breiwerk bygevoeg word, soos in die geval van 'n kledingstuk waar die mou deel van die voor- en agterpant is en nie afsonderlik gebrei word nie. Slegs een breinaald word gebruik indien daar steke aan die einde van 'n ry opgestel moet word. Indien die steke aan die begin van 'n ry opgestel moet word, word twee breinaalde gebruik. Daarna word die vermeerderde steke op die gewone manier gebrei (foto 1).

Dan is daar die volgende metodes om steke een vir een te vermeerder:

1. Brei 'n steek gewoonweg, maar in plaas daarvan om dit van die naald te laat afgly, brei nog 'n keer agter in dieselfde steek (afgekort adl).
2. Tel die horisontale draad tussen twee steke met die punt van die regternaald op en brei dan agter deur die lus. Indien voor in die lus gebrei word, vorm daar 'n gaatjie. Dit word soms gedoen om 'n gaatjiespatroon te brei.

3. Neem die steek onder 'n steek wat pas gebrei is, met die linkernaald op en brei dit op die gewone manier. Die steke kan op dié manier aan die regte of die verkeerde kant van die werk vermeerder word.

Indien steke net binne die syrand van 'n kledingstuk vermeerder word, word dit gewoonlik aan die regte kant van die werk gedoen. In die daaropvolgende ry, wat aan die verkeerde kant van die werk is, word nie vermeerder nie. Steke word in dié geval altyd slegs in elke alternatiewe ry vermeerder.

Ons gee die verskillende enkelvermeerderings nou name om later maklik weer daarna te kan verwys, en verduidelik hoe om een stuk aan die begin van 'n ry en een stuk aan die einde van dieselfde ry te vermeerder.

**Enkele voor-en-agtervermeerdering:** Brei regs in die derde steek en dan weer in die agterkant van dieselfde steek om aan die begin van die ry te vermeerder. Wanneer nog 'n steek aan die einde van dieselfde ry bygevoeg moet word, word in die vierde laaste steek op dieselfde manier vermeerder.

**Enkele kraalsteekvermeerdering (foto 2):** Brei regs in die derde steek en dan, sonder om die steek van die naald te laat afgly, neem die garing vorentoe en brei aweregs in dieselfde steek. Om nou die tweede steek in dieselfde ry by te voeg, brei op dieselfde manier eers regs en dan aweregs in die derde laaste steek.

**Optelvermeerdering:** Hiervoor word die horisontale draad tussen twee steke met die punt van die regternaald opgetel en regs



Vermeerdering aan rand.



Enkele kraalsteekvermeerdering.



Dubbele oopwerkvermeerdering.



Dubbele optelvermeerdering.

gebrei indien 'n gaatjie verlang word, anders moet in die agterkant van die opgetelde lus gebrei word om gaatjies te voorkom.

Wanneer die vermeerdering aan weerskante van die werk verlang word, moet in die draad tussen die derde en vierde steek gebrei word vir die eerste vermeerdering en in die draad tussen die vierde laaste en derde laaste steek vir die tweede vermeerdering.

**Enkele tussensteekvermeerdering:** Tel die steek onder die derde steek in die ry met die regternaald op, plaas dit op die linkernaald en brei dit regs. Brei nou die steek wat bokant dié steek was, d.w.s. oorspronklik die derde steek. Brei tot by die derde laaste steek in die ry en herhaal die proses met die steek onder die derde laaste steek.

**Enkele oopwerkvermeerdering:** Slaan die garing om die regterbreinaald na die derde steek in die ry (afgekort m 1) en brei hierdie lus in die volgende ry soos 'n gewone steek. Brei tot voor die derde laaste steek en slaan weer die garing om die regterbreinaald voor die derde laaste steek gebrei word. Dié lus word ook in die volgende ry soos 'n gewone steek gebrei en die vermeerderings vorm 'n siersteek.

## VERMEERDERING IN BREIWERK

Steke word in breiwerk vermeerder om dekoratief te wees terwyl dit ook die verlangde doel dien. Daar is gewoonlik 'n gewone steek tussen twee vermeerderings en sulke vermeerderings word slegs aan die regte kant van die werk gedoen. Die aanwysings sal aandui waar die steke vermeerder moet word in 'n bepaalde ry of rye.

**Kraalsteekvermeerdering:** Brei die eerste van die drie steke wat by die vermeerdering betrokke is, regs en dan, sonder om die steek van die naald te laat afgly, brei aweregs in dieselfde steek. Die tweede van die drie steke word altyd regs gebrei en die derde steek word eers regs en dan aweregs gebrei soos die eerste.

**Dubbele voor-en-agtervermeerdering:** Brei die eerste steek gewoonweg regs en brei dan agter in dieselfde steek regs. Brei die middelste steek gewoonweg regs. Die derde steek word ook gewoonweg regs gebrei en daarna agter in weer regs.

**Middelkettingvermeerdering:** Brei die eerste steek regs, tel dan die steek daarop op en brei dit ook regs. Brei nou die middelste steek regs en brei dan die steek reg onder die volgende derde steek regs en brei laastens die derde steek regs.

**Dubbele oopwerkvermeerdering (foto 3):** Slaan die garing om die breinaald soos uiteengesit vir m 1, voor die middelste steek. Brei dan die middelste steek en slaan die garing weer om die naald (m 1) na die middelste steek. In die volgende ry word die gemaakte steke op die gewone manier gebrei.

**Dubbele optelvermeerdering (foto 4):** Tel die horisontale draad voor die middelste steek met die linkernaald op en brei regs agter in die steek. Brei nou die middelste steek regs en plaas die daaropvolgende horisontale draad op die breinaald. Brei regs agter deur die lus.